

**2 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 2 (OAV)  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 2:2, 6, 12**

**Buig voor hom wat oor die nasies heers**

Hierdie jaar sal dit maar weer so wees: die gedruis van nasies en tiranne, geweld en listige planne, oorlog en revolusie. Dit is die internasionale kookpot. Vir elke vredesverdrag wat gesluit word, ontplof weer 'n ander deel van die volkerewêreld.

So 'n opstand teen die koning van Israel vorm die dekor van die tweede psalm. Die digter kyk dieper as blote politieke kommentaar en gee die Goddelike kommentaar: Dit is opstand, rebellie teen God. Dit is gerig op die koning, maar gemik teen God en sy gesag, om die bande te verbreek en sy heerskappy omver te werp,

Maar God lag hulle uit en spot met hulle. Dit sal nie geluk nie. In Openbaring lees ons dat die dier uit die see, die beeld van die onstuimige volkerewêreld, dodelik gewond sal word. God se Gesalfde, sy Seun, sal ewig triumfeer.

Die beslissende veldslag word in Handeling 4:27 beskryf: "Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u Heilige dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is ..." Maar Hy het opgestaan uit die dood, sy troon bestyg met sy Hemelvaart en sit nou aan die regterhand van God. Hy het alle mag ontvang, in die hemel en op die aarde.

Daarom dryf die magte van hierdie wêreld my nie tot wanhoop nie. Nee, ek buig voor die Gesalfde. Ek kus die Seun, ek dien die Heer, en is in Hom verblyd. Ek buig voor Hom alleen en ek verkondig met woord en daad sy heerskappy. Ek ontvang die seën van hierdie psalm (vs. 12): "Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!"

Dit geld ook vir 'n onstuimige 2007, en vir elke jaar, totdat Hy triumferend kom op die wolke.

*Sing: Psalm 93:1-4  
Psalm 92:6, 7*

*Ds Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)*